HANEKRAAI

Nr 4 / Januarie 2008

Nuusbrief van die Tradisionele Boeremusiekklub van SA.

Kontakadres : T B K van SA, Posbus 48865, Hercules. 0030.

Musiekverspreier - Sias Erasmus,Tel – [012] 379 1745/083 948 2987

Webblad: **www.boeremusiek.org**

Eposadres **: info@boeremusiek.org**

E-posadresadres vir korrespondensie : susane@arc.agric.za

E-posadres van redakteur vir bydraes en ander persoonlike korrespondensie : kobusmuller@mweb.co.za

Kontakpersoon oor speel van musiek en musiekinstrumente : Stephaan van Zyl : Tel : Selfoon – 082 777 0124.

Redaksioneel

Die afgelope jaar, 2007, het heelwat verwikkelinge meegebring wat ‘n mens met verwagting en blydskap gade geslaan het. Sedert 1994 was die meeste van ons so besig met die verwerk van die invloed wat die nuwe bedeling in ons land op ons lewens het en gaan hê, dat die kultuur-en-erfenis-goed bietjie aan die agterspeen gedrink het. In 2007 het baie van ons egter die ploegstert vaster gevat en die erfgrond weer netjies begin omploeg en saai. Daar het weer entoesiasme begin posvat wat miskien vir ‘n wyle op die agtergrond was. Veral die jongmense het meer geroer, meer betrokke begin raak en meegedoen.

Die beweging aan die Oosrand, waar ‘n nuwe Tak gestig is en Vaaldriehoek, wat weer met mag en mening orent gekom het, stem ‘n mens positief oor die toekoms van ons tradisionele - en volksmusiek. Die moue word weer opgerol deur al meer vriende van ons musiek. Geoordeel aan die gees en gesindheid wat by die Alg. Jaarvergadering geheers het, die belangstelling wat jong musikante getrek het en die toejuiging wat die hardebaarde ontlok het, klop die harte al vinniger en kom daar weer ‘n blos op die wange. Oral, by die byeenkomste, was dié tinteling deur die jaar ook voelbaar.

In 2008 moet ons nou almal voortbou, saamwerk en elkeen ons beste gee. Ons moenie vra wat die spreekwoordelike “hulle” doen nie maar vra wat ek, ons nog kan doen en bydra. Die “hulle” doen hulle bes vir al ons lede en vriende maar hulle het hulp en vars idees nodig.

Kom ons neem Projek Tradisionele Musiek ook in 2008 en maak ‘n groot sukses daarvan. Die Projek gaan oor die hartklop van ons saak.

Voorspoedige en suksesvolle 2008 word almal toegewens.
Kobus Müller.
****

Byeenkomsdatums – 2008

Wesrand: 26/1; 5/4; 14/6; 9/8; 29/11
Oosrand: 9/2; 19/4; 26/7; 1/11
Goudveld: 2/2; 3/5; 6/9; 6/12
Vaaldriehoek: 23/2; 31/5; 24 tot 26/10
Pretoria: 23/2 ; 10/5 ; 2/8 ;4/10 [AJV] en dan 31/12 ‘n plesier deur Cas Bodenstein gereël.
Bloemfontein: Weet nog nie.

Nog ‘n seder val : Louis Johannes Botha, 1933 – 27/8/2007

‘n Bekende vir baie van ons, oom Louis Botha van Bloemfontein, het in Augustus 2007, bakens versit en sy konsertina het vir goed stil geword. Hoewel ek hom nie persoonlik ontmoet het nie, het hy ‘n bekende geword deur sy musiek wat in die argief van die TBK geplaas is. Hy het veral die boerekonsertina in ‘n styl en met ‘n aanslag gespeel wat daarvan getuig dat hy in ‘n tradisie opgegroei het wat eie aan ons musiek is. Gelukkig het iemand wat hom goed geken het, Peet van Staden, vir ons ‘n berig oor oom Louis gestuur wat ons met graagte plaas.

“So ontvang ons ook berig van die afsterwe van oom Louis Botha, met wie ons ‘n lang pad saam geloop het.
Hy is op 17 November 1933 op die plaas Bothasrus naby Ladybrand in die Vrystaat gebore. Oom Louis se pa was Dawid van Ladybrand en het self konsertina gespeel. Sy ma, Elizabeth, was ook ‘n nooi Botha van Excelsior.
Oom Louis het laerskool deurloop op Westminster [tussen Ladybrand en Bloemfontein] en sy hoërskoolloopbaan op Ladybrand voltooi.
Na skool is hy terug plaas toe – Bothasrus waar oom Louis geboer het tot in 1990 en het toe by die Departement Waterwese in Bothaville gaan werk.
Sy Oupa – ook Louis – het in 1897 as deelsaaier by ‘n mnr. Scott begin werk en toe die plaas in 1917 onderverdeel en verkoop word, het oupa Louis ‘n deel gekoop en dit Bothasrus genoem.
Die ou mense het baie partytjies gehou en gedans. Die grammofoon moes die musiek verskaf en per geleentheid het die Korannabergorkes, van die Slaterbroers, kom speel. [Korannaberg lê tussen Clocolan en Excelsior]. Dan het oom Louis met die oë en ore gesteel en op sy Pa se konsertina geoefen. In 1961 koop oom Louis toe oom Gertjie Claassen se konsertina vir £17/10/- [in ons geldwaarde tenminste so R400].
Op 23 Maart 1963 is oom Louis getroud met Gertruida Elizabeth James van Discovery. Hulle het mekaar deur Lanbouweekblad se Opsitkers ontmoet. Een seun en vier dogters is uit die huwelik gebore.
In die koers van 1997 het ons gelukkig in die Feeshuis opnames gemaak van oom Louis en ‘n paar ander musikante. Piet van Heerden het met die banjo en Neville Theron en Hennie Ferreira met kitare begelei.
Oom Louis het baie by ons [Vaaldriehoek – KM] as ‘n geleentheidspeler kom musiek maak. Hy het by die Goudveldtak ingeskakel en het ook nog in Bloemfontein musiek help verskaf.

Oom Louis het respekte gehad vir die 'musieke', hy het toewyding gehad. Hy was altyd bereid om 'n bydrae te maak en so tussen alles deur ook 'n grappie in te skuif.
Aan oom Louis se vrou, kinders en ander familie sê ons : "Ons dink aan u met die groot verlies en dra u op aan die vertroosting van die Heer." Hoewel oom Louis nie meer daar is nie, sal die mooi herinneringe altyd bly.

Ek skryf vir jou 'n briefie…
Dit kom uit my hart.
In elke mens se lewe…
Is lag, maar ook smart.
Ons waardeer nie altyd genoeg…
Die samesyn en word soms moeg.
Tot op 'n dag dan meteens –
So groot die pyn
…die bymekaarwees het verdwyn!
Nou kom die tyd van alleen…
En gedagtes oor die jare heen.
Party krap 'n glimlag oop…
ander maak 'n traan loop.
Wonderlik hoe die liewe Heer…
met liefde toemaak al die seer.
As ons net op Hom vertrou…
Weet dan, Hy is lief vir jou…
Peet van Staden.

Stigting van die Oosrandtak van die TBK

Robbie Holm, die voorsitter van die nuutgestigte Oosrandtak, het 'n verslag gestuur oor die stigtingsgebeure. Die bedankingslys gee 'n goeie beeld van die gebeure voor en tydens die byeenkoms. Hy deel die volgende mee:

" Na baie harde werk is die Oosrandtak op 3 November 2007 uiteindelik gestig. Die byeenkoms is gehou in die Impalaparkgemeenskapsaal en was 'n groot sukses. Die musikante het gesorg vir lekker musiek, al moes ons die saal vroeër verlaat as wat verwag was a.g.v. die Stadsraad se reëlings.

'n Bestuur, wat voortaan sake sal behartig, is gekies en bestaan uit die volgende persone:
Voorsitter : Robbie Holm; O/ voorsitter: Anton Venter; Sekretaris : Charles Pieterse
Penningmeester : Charles Pieterse bygestaan deur Louise Holm

Addisionele lede : Pat Meyer, Barry Peters, Mike Cothill en Louise Holm.

“Graag wil ek [Robbie Holm] my dank uitspreek teenoor die nuutgekose bestuurslede wat vooraf hard gewerk het en gesorg het dat alles vlot verloop. Sonder hulle harde werk sou die byeenkoms nie moontlik gewees het nie .

“Graag wil ek dan ook namens die bestuur die volgende persone en instansies bedank :
[1]. Petrus Buitendag vir die saal wat hy vir die byeenkoms geborg het.
[2]. Hettie en Johan Niewoudt vir die rangskikking van die blomme wat die saal so mooi versier het.
[3]. Harry en Louise van Brenthurst Spar vir die “hamper” wat uitgeloot is.
[4]. Almal wat kontantskenkings gemaak het en spesiale dank aan Gert en Willem Jooste van G&W Hydraulics vir hulle donasie.
[5]. Die besture van die hooftak en ander takke wat ons ondersteun het, veral vir oom Jasper wat ver gery het om die stigtingsvergadering te lei.
[6]. Tant Ralie Vlok, oom Jasper se vrou, vir die kosmetiese sakkie wat uitgeloot is.
[7]. Mike Cothill, leier van die Fyntrapboereorkes en ook bestuurslid, wat seker gemaak het dat die regte klanke weerklink.
[8]. George Holm, ook van die Fyntrapboereorkes [Robbie se neef] wat vir die Tak die mees oorspronklike kateder uit ‘n kitaar, wat aan Robbie se oorlede vader, ook George, behoort het en konsertinaonderdele gebou het. Ds Dawie le Roux het die eer gehad om dit eerste te gebruik met die opening. Nogmaals, dankie, George.
[9]. Groot dank aan ds Dawie le Roux (die banjospeler in Robbie se orkes) wat ons Tak geopen en die fondamente reg gelê het met ‘n toepaslike en praktiese boodskap.
[10]. Sias en Susan Erasmus wat daar was om nuwe lede in te skryf en laserskywe te verkoop.
[11]. Die bestuur van die Wesrandtak vir hulle ondersteuning en leen van die tafeldoeke. In besonder, ‘n groot dankie aan Flip en Dalene vir hulle raad en bystand aangesien die Oosrandtak Flip se breinkind is. Flip dankie, ek het baie by jou geleer en gaan nog baie by jou leer. [12]. Dankie aan die belangrikste persone en dit is die diegene wat gekom het om te dans en die musiek te geniet. As julle nie daar is nie vir wie maak ons dan die musiek?
[13]. Dan ‘n besondere woord van dank aan die musiekmakers wat hulle beste gegee het. Aan Stephaan van Zyl, Junior Joostes, Mario du Plessis, die Fyntrapboereorkes en Robbie Holm se orkes, gee ons erkenning vir die aand se musiek.

[14]. Ons het ook aan besoekende - en beginnermusikante geleentheid gegee om te speel, nl. Esther Scott, Barry Peters en Pat Meyer, Koos Erasmus, oom Flippie en Quinton Morris. Dankie aan julle vir die vrymoedigheid om te speel. Ons wil ook op die wyse aangaan om tradisionele boeremusiek te bevorder by die Oosrandtak en nooi dan dié musikante uit om in te skakel by ons tak en mee te doen aan ons byeenkomste. Ons wil en kan net voortbou op dit wat reeds bestaan nl. TRADISIONELE BOEREMUSIEK.

Die datums vir ons byeenkomste in 2008 is die volgende : 9 FEBRUARIE, 19 APRIL, 26 JULIE EN 1 NOVEMBER. Dit vind plaas in die Eeufees-/ Centenarysaal op die h/v Trichardtweg en Vierdestraat, Boksburg-Noord, Boksburg en hopelik sal dit ons tuiste vir byeenkomste in die toekoms bly.

Nogmaals baie dankie vir almal se bydrae om die stigtingsaand ‘n sukses te maak. Vir verdere inligting skakel Robbie Holm by 082 365 1014 of [011] 740 5680.

Liefdegroete,
Robbie Holm”

[Namens al ons lede sê ons aan die Oosrandtak geluk en baie welkom in die TBK-familie. Julle omgewing het nog altyd deel van die hartklop van ons musiek uitgemaak. Red.]

Oudagboereorkes

Met die ontstaan van die TBK aan die begin van die tagtigerjare van die vorige eeu, is presies afgebaken met watter musiek die Organisasie hom gaan besig hou en dit in besonder wil bevorder. Die musikante wat die eie musiek in die regte styl en met die regte aanslag gespeel het en by die TBK betrokke was, het mettergaan as die Oudagboereorkes bekend gestaan en daar is opnames van onder andere dié Orkes gemaak en deur die TBK op plate, kassette en CD’s uitgereik. Die Oudagboereorkes het daarom wyd bekend geword as die orkes van die TBK wat ons musiek in die regte styl en van ‘n hoë kwaliteit aanbied. Die Oudagboereorkes het veral as wenner van die SAUK se Radioboereorkeskompetisie in 1986, wye bekendheid verwerf as vertolker van tradisionele musiek in die regte idioom. Hierdie bekendheid strek tot vandag toe.

Die lede van die Oudag het oor die jare gewissel soos musikante se werksomstandighede en belange gewissel het. Nuwe musikante het egter weer bygekom en so sal die proses maar aangaan solank as wat die TBK bestaan. Al wat nie sal verander nie, is die aard en karakter van die musiek, dit sal dieselfde bly, al wissel die lede dan ook. ‘n Groot meevaller is dat die leier van die Oudag, Stephaan van Zyl, na al die jare nog steeds betrokke is en met sy wye ervaring, nog pal leiding aan die Orkes en die musikante gee. Sy fyn oor verdra nie “ongediertes” in ons musiek nie.

Die ander dag het ek ‘n dokument onder oë gehad wat die indruk geskep het dat die Oudagboereorkes in Desember 1998 ontbind het toe ‘n aantal van die lede om verskeie redes nie meer betrokke sou wees nie. Dit is so dat dié lede nie meer daarna voltyds by die Orkes betrokke was nie en dat dit ‘n geruime tyd geneem het om ander musikante op te spoor en op te lei, maar die Oudagboereorkes bestaan nog steeds en maak musiek en opnames in dieselfde styl en idioom. Van die oorspronklike lede wat ‘n ander koers moes inslaan, speel nog steeds met graagte op uitnodiging saam. Dit is ‘n groot voordeel, want musikante van hulle kaliber skop ‘n mens nie agter elke bossie uit nie. By name word hier verwys na Danie Grey, Gert Jooste, Boetie van Zyl en Flip Snyman.. Van die strydosse wat nog bankvas teen die juk beur is Stephaan, Danie Labuschagne en Darryl Coetzee. Jonger manne het weer bygekom, soos Chris Farrell, Quinton Morris en Kallie Swanepoel. In die eerste loopgraaf oefen jong musikante soos Wynand Smit en Martin Dorfling kliphard om een van die dae hulle volwaardige bydrae te maak. Die Oudagboereorkes woel en werskaf nog steeds onverpoosd voort vir die saak van ons musiek.

Indien enigiemand sou twyfel of die Oudag nog bestaan, gaan die nuwe CD’s met die Oudag se musiek, wat reeds opgeneem is, in 2008 hopelik alle twyfel die nek inslaan. Hulle speel musiek waarvoor ons al baie lank wag. [Kobus Müller]

****

Die TBK se Werkgroep vir Tradisionele en Volksmusiek

Daar is reeds berig dat die musiek wat mev Jo Fourie en prof Pieter W. Grobbelaar oor ‘n lang tydperk versamel en opgeteken het, ons ter hand gekom het. Drie van die stukke musiek wat mev Jo Fourie opgeteken het,

het Danie Grey reeds saam met die Oudagboereorkes gespeel en dit is opgeneem. Hierdie oefenlopie was so suksesvol, dat na oorleg met Jasper Vlok en Stephaan van Zyl, besluit is om ‘n werkgroep te stig om in besonder aandag aan dié tradisionele en volksmusiek, wat in ‘n groot mate nog agterweë gebly het, te skenk. ‘n Nuwe veld wat nou betree sal word, is om die mees gebruikte en veelsydigste tradisionele musiekinstrument nl. die menslike stem, ook te gebruik. Die kunstenaars wat die instrument goed bespeel en bereid is om ter wille van die saak mee te doen, is besige en beweeglike mense. Ons sal dus nie altyd volgens geykte en ortodokse werkwyses kan optree nie maar ons sal soms slim en nuut moet dink om so tussen al die woelinge deur die gewenste resultaat te verkry. Die snelveranderende moderne tegnologie vra ook allerlei aanpassings, maar skep ook nuwe geleenthede om die TBK in staat te stel om sy mikpunt te bereik. Vir die jonger mense is dié tegnologiese werklikheid, ‘n bekende werklikheid maar vir die ouer mense is dit soms maar ‘n onbekende wêreld wat na Grieks klink en is. Dié Werkgroep sal probeer om die gapings te oorbrug tot voordeel van ons saak en ons geliefde musiek.

Die Oudagboereorkes sal die ruggraat van die Werkgroep vorm en die ander kunstenaars sal meedoen soos dit moontlik is. Uit die aard van die saak sal daar nog heelwat samesprekings en onderhandelings in die volgende paar maande plaasvind om alles op koers te kry. Die verblydende is egter dat sangers en musikante bereid is om ter wille van ons tradisionele en volksmusiek, wat vir hulle ook kosbaar en waardevol is, saam te werk aan die poging van die TBK.

Ons lede sal mettertyd op hoogte gehou word van die vordering van die Werkgroep.
Kobus Müller

Ken ons dié musikante ?

Die musikante wie se foto’s in Hanekraai 3 verskyn het, was van die linkerkant af : Joe Hooneberg [konsertinaspeler van die Baanbrekers], Stephaan van Zyl [leier en konsertinaspeler van die Oudagboereorkes], Carolina Leeson [klavierspeler van die Vyf Vastrappers en traporrel later],

Pietie Prinsloo [leier en konsertinaspeler van die Vier Springbokke] en Boy Solomon [leier en konsertinaspeler van die Voortrekkerdanskwartet].

Wie is die musikante hier onder ?

Sterkte met nr 4, dit gaan kopkrap kos !

TBK van SA : Algemene Jaarvergadering – 4 Oktober 2007

Op 6 Oktober 2007 het die Jaarvergadering plaasgevind by Hoërskool FH Odendaal. Die agenda is met ‘n flink spoed afgehandel en die sake wat aandag vereis het, is ter hand geneem en die takverslae is aangehoor. Nadat ‘n finansiële verslag wat ‘n gesonde geldelike toestand weerspieël, voorgelê en met dank aanvaar is, is die bestuurskomitee herkies. Die vergadering het nie onnodig gras onder sy voete laat groei nie want ‘n aanloklike musiekspyskaart het op die tafel gelê.

Enkele sake wat op die vergadering afgehandel is, verdien egter besondere vermelding. Die eerste is die oorkonde wat aan ds Lourens Aucamp oorhandig is uit erkenning vir sy besondere bydrae tot die bevordering van ons tradisionele musiek oor die radio vir meer as 30 jaar en hy is nog steeds daarmee besig. Hy is een van die erelede wat net voort woel en werskaf vir die saak. Sy betrokkenheid by die TBK se organisasie vir ‘n tydperk, is ook vermeld, al was die pad nie altyd met rose besaai nie. Ds Lourens, nogmaals namens al ons lede, baie dankie vir jou bydrae en volharding nieteenstaande die knikke.

Die Hannes Schoeman-trofee is aan Sias en Susan Erasmus oorhandig vir hulle volgehoue werk met die bemarking van ons musiek en die versending

van alles, insluitende Hanekraai. Die pligte hou hulle die hele jaar besig en hulle stoei maar net voort. Sias en Susan, nogmaals namens al die TBK-aners sê ons baie dankie.

Die laaste saak waaraan erkenning gegee is, is dat versendings- en ander kostes sodanig gestyg het dat lidmaatskapgeld tot R 75 – 00 per jaar verhoog moes word.

Na afloop van die vergadering het die orkeste ingeval en voortgewoeker tot middernag. Iets van die jare wat verby is, het weer in ‘n mate herleef toe Willie Nelson, Theo Slabbert, Danie Grey, Stephaan van Zyl, Gert Jooste, Flip Snyman en Lourens van Zyl en van die jonger manne, die musiek verskaf het en teen die einde almal saam gespeel het. Dit was eintlik ‘n ervaring om so ‘n stukkie van die verlede weer te beleef. Iets wat van die oggend af, toe die saamspeel begin het, opgeval het, was hoeveel jong musikante bykom en kliphard saamspeel. Dit was nie net een of twee nie maar sommer ‘n stuk of tien tot twaalf. Sommige van die jong musikante is ons al ‘n geruime tyd van bewus en hou hulle vordering met belangstelling dop maar die aand het iets anders gebeur wat min van ons verwag het.

Willie Nelson het die middag daar aangekom met ‘n jong vriend by hom en gesê hy het ‘n verrassing vir ons, ons sal later sien. Nou ja, uit Alexanderbaai kan baie verrassings vir ons stedelinge kom. Maar toe die jong vriend, Glen Pearce, die aand die 3¾ry en boerekonsertina ter hand neem en speel, het almal van ons geweet wat Willie bedoel het met ‘n “verrassing” vir ons. Sy besonder begaafde leerling het vinnig baie by hom geleer. Dit was nie lank nie of die dansers staan vyf tot ses diep om die verhoog en slaan die jongman gade en kry sommer net lekker. Moenie verbaas wees as ons een van die dae die naam Glen Pearce op ons CD’s sien voorkom nie. Theo Slabbert kruip toe met die volgende verrassing uit. Hy het ook ‘n leerling, sy vrou, Riekie wat self haar talent met ‘n boerekonsertina netjies uitgestal het.

Na die verrassings en belewenisse het ‘n aangename byeenkoms teen middernag ten einde geloop.

Die jong leeu, Glen Pearce en die ou maanhaar, Willie Nelson.

Willem en Gert Jooste en Theo Slabbert Flip Snyman,Danie Grey en Stephaan

‘n Woord van dank aan al die orkeste en musikante wat hulle beste elke keer met ‘n byeenkoms gee. Dankie ook aan al die werkers en komiteelede wat so getrou met elke geleentheid sorg dat alles glad verloop en probleme oorbrug word.

Gewillige en bekwaam hande maak van alles ‘n sukses, al kan ‘n mens nie elke keer by almal uitkom om persoonlik te sê dankie nie.

Riekie en Theo Slabbert.

Lourens van Zyl

Daar is met die AJV soveel foto’s geneem en as iemand iets besonders het en bereid is om dit aan die argief beskikbaar te stel, gee dit vir my op ‘n CD of die foto of epos dit. [Kobus Müller].

Naskrif.

Helena Nelson het nou die aand vertel dat Glen en sy mense eintlik van Namibië af kom en in Oranjemund , oorkant die Oranjerivier, bly, waar Glen se Pa by die myn daar werk. Glen is so agtien jaar oud en vanjaar in standerd 9 [gr11]. Hy leer die afgelope twee jaar of wat by Willie konsertina speel, maar Willie voel nou, en het ook vir Glen so gesê, dat hy nou verder op sy eie moet voortgaan en onafhanklik ‘n eie speelstyl ontwikkel. Hy kan nog kom kers opsteek oor die fynere tegnieke maar moet nou die pad op sy eie verder vat. Dit ontbreek hom egter nie aan entoesiasme nie en hy is nou ook ‘n volwaardige lid van die TBK. Met Willie as leermeester kan dit hom seker nie aan entoesiasme en toewyding ontbreek nie! [Kobus Müller].

****

Volksmusiek deur Stephaan van Zyl

Deur die goedgunstigheid van ‘n ou vriend en medevolksmusiekfanatikus, Martin Beyers, het ek ‘n eksemplaar van ‘n tydskrif genaamd “Sanger- und musikantenzeitung” uit Europa bekom. Hieruit wil ek ‘n paar gedagtes lig wat nogal betrekking het op ons eie tradisionele musiek. Een inskrywer na die tydskrif voel dat volksmusiek plek- en tydsgebonde is en nie ontwikkel of verbeter kan word sonder om dit te vermink en iets anders daarvan te maak nie.

Mense het nou eenmaal die ingebore neiging om alles onder die son te klassifiseer, in groepe te onderskei en te etiketeer. So kan musiek ook in talle vorme en style onderskei word. Ons dink byvoorbeeld aan klassieke musiek, jazz, popmusiek ens, en elkeen het weer sy eie onderverdelings.

Sedert ongeveer 1910, met die ontstaan en opkoms van jazz en die daaropvolgende snelle ontwikkeling van allerhande style soos bv dixieland, ragtime, rock, pop ens, wat wêreldwyd invloed uitgeoefen het, het die verskil tussen moderne musiek en die meer statiese volksmusiek al hoe groter begin word. Gebiedsgebonde is hierdie moderne musiek geensins nie. ‘n Mens sal nie verkeerd wees om dit as ‘n internasionale – of wêreldmusiek te beskou nie. Aan die ander kant raak die benaming volksmusiek al hoe meer problematies om te omskryf, aangesien die betekenis van die woord volk besig is om te vervaag. Verwys die woord volk na ‘n nasie, ‘n geïsoleerde gemeenskap, ‘n taalgroep, ‘n ras of ‘n politieke faksie ?

Vele musiekvorme, van koorliedere vir skole en kerke, dansmusiek vir klubs en huispartytjies, blaasorkesmusiek vir dorpsfeeste soos in Duitsland en pieknieklliedjies waaraan ‘n spesifieke gemeenskap deelneem, verdien om as volksmusiek beskou te word. As so ‘n gemeenskap [hoe klein of groot ookal] dan ook nog ‘n natuurlike aangetrokkenheid het tot die musiek van ‘n ander aangrensende gemeenskap, kan ons met oortuiging praat van egte volksmusiek.

Oorspronklik was daar selde skeiding tussen die volksmusikant en die res van die gemeenskap. Almal het saam gesing, gedans, hande geklap of selfs

saam gespeel. Daar was ‘n aktiewe betrokkenheid wat deur almal gedeel is. Die hiperverfynde klassieke musiek waar die gehoor onbetrokke en in stilte na die uitvoering luister, is ver verwyder van volksmusiek.Vroeër was volksmusiek net so ‘n belangrike lewensmiddel as vars lug en gesonde kos en sou die gemeenskap skade ly daarsonder. Deesdae is volksmusiek nie meer so ‘n integrale deel van die gemeenskap nie danksy die oorweldigende moderne tegnologie wat die wêreld ingeneem het. Vermaak en musiek is oral in oorvloed beskikbaar. Volksmusiek, daarinteen, word tans aan die gang gehou deur spesifieke belanghebbendes wat nog ‘n liefde daarvoor het en dit as deel van hulle kultuurgoed beskou. Dit word in ‘n groot mate as ‘n stokperdjie bedryf en geniet gevolglik beperkte aanhang. Dit val ‘n mens egter op hoeveel westerse lande die afgelope paar dekades, met die ontploffing van die tegnologiese vooruitgang, hulle volksmusiek versamel en bewaar en weer in omloop probeer bring as teenvoeter vir die gevolge van dié tegnologiese vooruitgang.

Dit verg egter besondere skerpsinnigheid en ‘n produk van hoë kwaliteit om kompeterend in dié mark te wees.

****

Bandopnemer gesoek

Tom Adams het die volgende versoek gerig en vra of iemand miskien kan help :

Gesoek : Ek is op soek na 'n **bandopnemer** (tape recorder) in werkende toestand, maar wat in onbruik geraak het agv die moderne tegnologie : 4-baan (track), 2 kanaal, 2 spoed (9.5 en 19 - ek vermoed dis die 3¾" en 7½") of so nie 'n 4-spoed wat die 9.5 en 19 insluit, die deursnit van die spoele (reels) is 17,5cm (7").

Indien enigiemand kan help, skakel my asb by [**012] 651 3700 (H),** e-pos : **tomtbksa@mweb.co.za ,** faks : **086 672 1374.**

Gibson–banjo en –kitaar gesoek :

Op soek na ouerige Gibson instrumente, kitaar en/of banjo. **Banjo** kan 4 of 5 snaar wees, toestand is nie belangrik solank net so oorspronklik moontlik. **Kitaar** akoesties of elektries en toestand ook nie as sulks belangrik nie, komponente moet net nog redelik oorspronklik wees.

Johan Van Vuuren [012 – 654 1635 en 082 779 0274]

****

Musiekwinkel

Sias Erasmus het weer van hom laat hoor en gevra dat die onderstaande mededelings aan ons lede deurgegee word.

TBK van SA, Posbus 48865, Hercules. 0300.

Navrae: Sias Erasmus, tel en faks: [012] 379 1745, sel: 0839482987

Dagsê alle tradisionele boeremusiekvriende,

Die jaar 2007 het so vinnig verbygevlieg dat ek nie kan onthou of ek alles gedoen het wat ek moes nie en daarom vra ek solank amnestie as ek iemand se CD's nie gestuur het nie of laat gestuur het. Jammer daarvoor, dit is oom Jasper se skuld [Iemand moet die skuld kry in die nuwe SA]. Graag wil ek en Susan almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2008 toewens en ons hoop die feestyd was vir ons lede aangenaam.
Indien daar van ons debietorderlede is wat gedurende 2007 nie CD's ontvang het nie, tree asseblief met my in verbinding.
Baie dankie aan almal wat so getrou ondersteun en ons Klub suksesvol maak. Aan alle nuwe lede, baie welkom by die Klub, julle sal nie spyt wees nie. Ek wil al ons lede en ook die nie-lede wat ons Klub so getrou ondersteun het in 2007, hartlik uitnooi en aanmoedig om dit ook in 2008 te doen. Dit word waardeer, al dink almal nie altyd so nie.
Baie geluk aan Robbie Holm en sy komitee in die Oosrand met hulle nuwe Tak. Sterkte en voorspoed word julle toegewens. Julle kan staatmaak op die Hoofbestuur en Pretoriatak en ek glo Wesrandtak, se heelhartige bystand.
Nou het ek gesê wat ek wou sê en daarom groet ek.

Sias Erasmus.

Bezuidenhoutstraat 467, Claremont. 0082.

Beste boeremusiekvriende,
Aangeheg is 'n lys van langspeelplate, kassette en laserskywe [CD's] wat tans by bogenoemde adres beskikbaar is.
Plate en kassette :
SLS 7 – Lydenburgvastrappers [Chris Chomse] - [P]
SLS 9 – Oorspronklike Baanbrekers[Joe Hooneberg] - [P&K]
SLS 10 – Oorspronklike Vier Springbokke [Vol 1] P Prinsloo - [K]
SLS 11 – Vyf Vastrappers [Vol 3] - [K]

SLS 13 – Oorspronklike Vier Springbokke[Vol 2] P Prinsloo- [P&K]
SLS 14 – Vyf Vastrappers en Buys se Kêrels [Vol 3] - [K]
SLS 15 – Oorspronklike Vier Hugenote [Vol 1] [W Palm] - [K]
SLS 16 – Voortrekkerdanskwartet [Boy Solomon] - [K]
SLS 17 – Vier Fouries en Hoogekraalorkes - [K]
BLS 007 – So speel Stephaan - [P]
TBK 1 & 2 – Oom Boet Steyn en sy seuns - [P]

Laserskywe – CD's

SLS 24 Dawid de Lange - R50 – 00
Eerste 10 Jaar - R 80 – 00
Karooklanke [Theo Slabbert] – R 80 – 00 [Nuut]
TBK Onthou - R 80 – 00
Outydse Potjiekos [Vol 1&2] – R 80 – 00 elk
Hans la Grange [Vol 1] – R 80 – 00
Konsertinajolyt [Danie Grey] – R 80 – 00 [Nuut]
Lekker Kêrels Snr & Jnr Orkes [2 CD's] – R 150 – 00 [Nuut]
Oom Willie Palm & oom Alf v d Watt – R 80 – 00
Tradisionele boeremusiek met 6 nuwe no – R 80 – 00
So speel die Goudvelders – R 80 – 00
Gertjie Claassen /Hendrik Lotter [Vol 1 & 2] – R 70 – 00 elk of 2 vir R 130 – 00
Traporrel – Tant Bettie Ferns – R 70 – 00
Oom Hannes Viljoen [Vol 2] – R 80 – 00
Vyf Dagbrekers [Silwer de Lange] 2CD's – R 110 – 00
Gerrie Bezuidenhout [Vol 1,2 en 3] – R 70 – 00 elk of R 195 – 00 vir al 3
Werda Groenewald [Mondfluitjie] – R 70 – 00
Dawid Barnard – R 70 – 00
Dawid de Lange – pakket van 5 CD's – R 325 – 00
Oom Chris Blignaut – pakket van 7 CD's – R 395 – 00
Oudag se Potjiekos [Heruitgawe] – R 80 – 00
Die drie Ooms – R 80 – 00
TBK 25ste Bestaansjaar – pakket 2 CD's – R 150 – 00
Maricomusiek [Oom Jan Mans] – R 80 – 00 [Nuut]
Die Musiekmakers [Peet van Staden] – R 80 – 00

Die volgende is ook beskikbaar :
Oom Wilhelm Schultz se boek – Ontstaan en Ontwikkeling van Boeremusiek – R 185 – 00 plus R 30 – 00 posgeld
Baadjiesakwapen – R 40 –00 **Dasse** –R 60 – 00 **Lapelwapens**– R15 – 00 **Hempsakwapen** : R 25 – 00 **Oorbelle** : R 20 – 00
Pryse en versendingskoste :
Langspeelplate : R 10 – 00 plus R 25 – 00 versekering en posgeld
Kassette : R 15 – 00 plus R 20 – 00 versekering en posgeld
1 tot 3 CD's – Prys plus R 25 – 00 posgeld en versekering

Bankbesonderhede – TBK, Absa, Ben Swartstraat, Rekno **090-281-062**

Tradisionele boeremusiekgroete,
Sias Erasmus.